



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 207**

REKENINGKUNDE SKEP ORDE IN CHAOS

Prof P Lucouw

Intreerede gehou op 4 Oktober 2002

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Provaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Kopiereg © 2006 NWU

ISBN 1-86822-515-1

INTREEREDE

P. Lucouw

4 Oktober 2002

REKENINGKUNDE SKEP ORDE IN CHAOS

Meneer die Adjunk Rektor

Dit is lekker om so 'n groot saal vol mense te sien. As ek so vinnig kyk sien ek ook enkele rekeningkundiges in die gehoor. Ek glo egter dat voor u vanaand hier uitstap u almal rekeningkundiges sal wees, miskien nie wat vaardighede betref nie maar hopelik in hart en siel.

Aan die begin van die twintigste eeu was daar 'n redelike bekende wetenskaplike met die naam van Calay. Hy het homself oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe uitgelaat – onder andere ook oor die rekeningkunde. Van die rekeningkunde het hy die volgende gesê:

“Accounting: One of the two perfect sciences” (Caylay)

Die eerste vraag wat by mens opkom is: wat is die ander dissipline wat Calay in gedagte het? Gelukkig het Calay nooit 'n antwoord op hierdie vraag gegee nie.

Diè stelling van Caylay is baie goeie nuus vir almal. Rekeningkundiges weet dat hulle dissipline een van die twee grootste menslike uitvindings is, terwyl elkeen van u wat 'n ander vakkdissipline verteenwoordig daarop kan aanspraak maak dat u dissipline die ander groot uitvinding is wat Caylay bedoel het.

'n Uitvinding is gewoonlik 'n kunswerk of kunsvorm, of 'n wetenskaplike uitvinding. Die vraag is: wat is rekeningkunde, is dit 'n kuns of 'n wetenskap? Caylay het die rekeningkunde 'n wetenskap genoem. Die eerste persoon wat oor dubbel inskrywing rekeningkunde geskryf het was 'n wetenskaplike. Luca Pacioli het 500 jaar gelede 'n hoofstuk in 'n wiskunde handboek daaraan gewy. Die bestuurs- en finansiële rekeningkundige hantering van byvoorbeeld afgeleide instrumente lyk baie na wetenskapsbeoefening. Word daar egter na die antwoordstelle van sommige van my studente gekyk sou mens sê dat rekeningkunde eerder 'n ongedefinieerde kunsvorm is.

Of die rekeningkunde 'n kuns of 'n wetenskap is, kan 'n uitwerking op die bruikbaarheid van die rekeningkunde hê. Die Accounting Terminology Bulletin No. 1 (1953) definieer die rekeningkunde as:

“Rekeningkunde is die **kuns** van teboekstelling, klassifikasie en versameling, op 'n beduidende wyse en in geldterme van transaksies en gebeurtenisse wat ten minste gedeeltelik 'n finansiële aard het, sowel as die interpretasie van die resultate.”

Hierdie definisie noem die rekeningkunde 'n kuns.

Indien rekeningkundige inligting vir besluitneming aangewend word, word 'n wetenskap veronderstel. Om vooruitskatbaar te wees en inligting vir besluitneming beskikbaar te stel, noodsaak 'n wetenskaplike benadering, wat 'n groot mate van stabiliteit en orde in die gedrag en verspreiding van rekenkundige inligting veronderstel. Vir besluitnemingsdoeleindes word sekere verwantskappe wat slegs wetenskaplik afleibaar is vereis. Verwantskappe tussen rekenkundige inligting en ekonomiese inligting vorm die wese van vooruitskattings. Chalmers (aangehaal uit Chambers, 1995:826) som die algemene vorm van wetenskaplike verduideliking op as: wette en teorieë, aanvanklike veronderstellings en vooruitskattings en verduidelikings.

Rekeningkundige inligting, wat die resultaat van baie veranderlikes is waarvan die optrede nie duidelik meetbaar is nie, verskaf moontlik nie die stabiele basis om as wetenskap te kwalifiseer nie. Robert R Sterling (1975:28) is ook van mening dat rekeningkunde nie 'n wetenskap is nie, aangesien dit op begrippe en nie op vaste wette gebaseer is nie. Die aantal onsekerhede en beramings wat rekeningkundig verantwoord moet word, asook die subjektiewe wyse waarop interpretasie gemaak word, beïnvloed die wetenskaplike suiwerheid daarvan. Rekeningkunde is ook nie 'n kuns nie. Kuns is 'n kreatiewe proses (ek het egter al baie keer in my lewe kreatiewe rekeningkunde gesien), terwyl rekeningkunde 'n meer definitiewe proses van die versamel en verwerking en beoordeling van inligting is.

Die stelling word gevolglik gemaak dat die rekeninkunde nóg 'n wetenskap nóg 'n kuns is, maar tog eienskappe van beide het. Rekeningkunde is iets anders. Die bekende Duitse digter, Goethe, het gesê: "Accounting is the fairest invention of the human mind". Die verslagdoeningsrol van rekeninkunde toon sommige van die eienskappe van kuns terwyl die besluitnemingsrol van rekeningkunde wetenskaplike eienskappe toon.

U mag dalk die menings van Caylay en Goethe as onbetroubaar verwerp. Wat het hulle per slot van sake van die rekeningkunde geweet? Kom ons kyk eerder wat sê die rekeningkunde aangaande homself.

Doelstelling van rekeningkunde

In die verre verlede is hoofsaaklik op die verslagdoeningsrol van rekeningkunde gekonsentreer. Daar is verslag gedoen aangaande historiese finansiële transaksies. Die bestuurder moes aan die eienaar verslag doen van sy optrede en het vir hierdie doel finansiële state voorgelê. In die moderne tyd het daar 'n klemverskuiwing van die rentmeesterskapfunksie na 'n groter besluitnemingsfunksie plaasgevind. Rekeningkunde word nie net meer vir prestasiebeoordeling aangewend nie, maar het ook 'n toekomsgerigte funksie. Vir besluite wat op die toekoms gerig is, moet rekenkundige inligting as basis dien. Die internasionaal aanvaarde doelstelling van finansiële state is:

"The objective of financial statements is to provide information about the financial position, performance and changes in financial position of an enterprise that is useful to a wide range of users in making economic decisions."

Ekonomiese besluite is besluite wat 'n maksimum opbrengs met 'n minimum inset sal lewer.

In dié basiese doelstelling van rekeningkunde word rekeningkunde as 'n diensdisipline voorgestel. Die rekeningkunde moet belanghebbendes in staat stel om besluite te kan neem. Dit is die wese van rekeningkunde. Aangesien elke besluit toekomstige implikasies gaan hê, is dit die bedoeling dat rekeningkunde toekomstige gebaseerde inligting moet kan verskaf? Moet rekeningkunde 'n vooruitskatting van die toekoms kan gee en, indien wel, hoe betroubaar sal so vooruitskatting wees?

Kan die toekoms voorspel word?

In antieke tye het mense 'n lewe sonder enige ag op die toekoms gelei. 'n Vooruitskatting van die toekoms was onnodig. Elke dag tussen sonsopkoms en ondergang is dieselfde take verrig. Met beperkte kommunikasienetwerke het mense in geïsoleerde gemeenskappe gewoon. Slegs na die ontwikkeling van kommunikasienetwerke is 'n bewuswording van die toekoms ontwikkel. Deur te weet wat ander gemeenskappe beplan en doen word jy genoodsaak om aan toekomstige implikasies van optrede te dink.

Na die Middeleeue het die wetenskaplike werke van Galileo, Kepler, Newton en ander prominente wetenskaplikes hulle daarop toegespits om die heelal deur wette en konstantes te verstaan. Wette van swaartekrag en beweging is ontdek. Die spoed van lig, en die verhouding tussen die omtrek van 'n sirkel en sy radius is konstantes. Met die toepassing van wette en konstantes kon die posisie en baan van planete bepaal word. Tye van sonsopkoms en ondergang en die getye van die see kon akkuraat geskat word. Alles het seker en vooruitskatbaar voorgekom. Daar is geglo dat sekerheid verkry kan word deur slegs die wette en konstantes vir 'n spesifieke situasie te identifiseer en dan 'n vooruitskatting te maak. 'n Baie gemaklike posisie om in te wees.

In situasies waar die wette nie bekend was nie is daar geglo dat hulle wel daar is, maar nog ontdek moet word. Waar basiese wetenskaplike navorsing nie in staat was om wette en konstantes te identifiseer nie is daar gehoop dat regressie- en ekonometriese modelle verborge geheime sal openbaar. Regressie modelle veronderstel 'n liniêre verband tussen veranderlikes en kan met sukses in sekere gebiede aangewend word. Vir baie dekades word vooruitskatting reeds deur liniêre modelle oorheers. Ongelukkig is baie/meeste werklike lewe situasies nie liniêr nie. Die gevaar met liniêre modelle is dat hulle soms wel in 'n nie-liniêre omgewing werk. Vir 'n kort tydperk mag die veranderlikes wat 'n gevolg veroorsaak 'n liniêre verwantskap hê, wat dan tot die verkeerde gevolgtrekking lei dat dit wel 'n liniêre stelsel is. Verander die eksterne omgewing en ander veranderlikes verkry prominensie, is die optrede nie soos wat die model aangedui het dit sou wees nie. So het baie navorsers al regressie- en ekonometriese modelle van ekonomiese indekse, as oplossing van vooruitskattingprobleme aangebied. Vroeër of later het al dié modelle gefaal omdat liniêre tegnieke op 'n nie-liniêre omgewing toegepas is.

Sekere gebeurtenisse kan wel vooruitgeskat word en dit is deel van die skepping. Aan die einde van die winter kan ons 'n akkurate vooruitskatting maak dat die somer op pad is, ons hoef maar net na die vyeboom te gaan kyk. "Leer dit van die vyeboom as voorbeeld: wanneer sy takke begin sag word en hy blare kry, weet julle die somer is naby". (Mat 24:32). Ander gebeurtenisse kan weer nie vooruitgeskat word nie en dit is ook deel van die skepping. "Ken jy die wette van die hemel? Of kan jy sy heerskappy oor die aarde bestel? (Job 38:33) Wat 'n bestaan moeilik maak is dat enige stelsel se toekoms 'n kombinasie van vooruitskatbare- en nie-vooruitskatbare gebeurtenisse is. Dit is ook nie altyd maklik om 'n onderskeid tussen die twee te tref nie.

Menige studies is al reeds in die buiteland en ook in Suid-Afrika uitgevoer waar die opbrengste van verskeie versekeringsmaatskappye en effekterusts van jaar tot jaar vergelyk word. Die resultate van al die studies het getoon dat 'n bepaalde fonds vir 'n jaar of twee of drie 'n bogemiddelde opbrengs lewer en dan terugsak. Sy plek as leier word dan deur 'n onderpresteerder ingeneem. Geen fonds toon konsekwent superieure resultate nie. Die instansies wat die bewakers van ons aftrekgeld is en spesialiste in diens neem behaal oor die langtermyn nie 'n beter opbrengs as wat meeste van u self sou kon behaal nie. Die onvermoë om opbrengste en risiko's vooruit te skat is ook by spesialiste teenwoordig.

Met die besef dat nie alle natuurlike- en sosiale stelsels deur spesifieke wette verklaar kan word nie is die Chaos teorie laat in die vorige eeu ontwikkel. Baie stelsels soos die weer, politiek, ekonomie en wêreldmarkte tree chaoties op. (Kan jy die optrede van jou tienerkind voorspel?) 'n Chaotiese stelsel tree nie willekeurig op nie. Wette en reëls is daar wel, maar daar is soveel veranderlikes en soveel verwantskappe tussen die veranderlikes dat ons die optrede daarvan nie kan kwantifiseer nie. —"There is method in the madness although the method is not always understood".

'n Eienskap van 'n chaotiese stelsel is dat dit baie sensitief vir aanvanklike toestande is. 'n Klein verandering in die inset kan 'n groot verandering in die uitset tot gevolg hê. Daarom die bekende uitdrukking dat die geklap van 'n skoelapper se vlerk in Brasilië 'n tornado in Texas kan veroorsaak. Met dié sensitiwiteit vir aanvanklike toestande kan vooruitskatting vir slegs 'n baie korttermyn gemaak word. Akkurate langtermynvooruitskatting is nie moontlik nie. Geringe afwykings word spoedig groot afwykings. Een besluit van 'n regering of die direksie van 'n maatskappy kan die toekoms van die stelsel wesenlik verander. Om dié rede konsentreer futuriste nie meer op vooruitskattings nie maar wel op verskillende moontlike scenarios.

Dié teorie van chaos, wat nie-liniêre stelsels behoort te verduidelik, en wat gehoop is oplossings vir praktiese probleme sal lewer, het die onsekerheid en onbekendheid en onvooruitskatbaarheid van die toekoms beklemtoon.

Die bekende logistieke vergelyking wat bevolkingsgroei simuleer word dikwels gebruik om chaos te illustreer. Die vergelyking het 'n beginwaarde en 'n groeikoers. Elke volgende waarde is 'n funksie van die vorige waarde en die groeikoers. Waar die vergelyking eers net een moontlike oplossing gee vermeerder die aantal moontlike oplossings baie vinnig soos die groeikoers toeneem. Eers twee, dan vier en agt en uiteindelik by 'n groeikoers van 3.75 is die aantal moontlike oplossings oneindig. Dit is hier waar die stelsel in chaos is en vooruitskatting onmoontlik is.

Waar die rekeningkunde inligting vir besluitneming binne 'n chaotiese stelsel moet verskaf, kan die vraag gevra word of die rekeningkunde of enige ander dissipline werklik vir die maak van betroubare vooruitskattings van die toekoms aangewend kan word.

Verskeie studies op finansiële- en ekonomiese data is al uitgevoer. Hier volg sommige van die gevolgtrekkings waartoe gekom is: "Predictability is dead" (Fradette & Michand 1988); "exact prediction is often impossible" (Capra 1996); "Absolute prediction and uniformity are, therefore impossible" (Wheatly 1994); "...it simply means that future earnings cannot be forecasted from past changes" (Ball & Kothari 1994:354) "...conventional wisdom combined appear no better at predicting an organization's ability to sustain itself" (Pascale 1955:22) "Data about the future – predictions – are commonly the weakest points in our armour of fact" (Simon 1982:170) "There is no predictability, the system never is in the same place twice" (Wheatly 1994:21).

Die dinamiese besigheidswêreld met sy nuwe tegnologiese uitvindings, veranderde vereistes van kliënte, kompetisie, nuwe wetgewing en die daaglikse verandering van kapitaalmarkte maak langtermyn vooruitskattings van die toekoms onmoontlik. Die toekoms is nie die resultaat van 'n liniêre vergelyking van die verlede nie. Die toekoms is die resultaat van wat die vorige oomblik gebeur het. Soos reeds genoem, is 'n chaotiese stelsel baie sensitief vir aanvanklike toestande en dié toestande verander byna elke oomblik. Om sake nog meer te kompliseer is elke stelsel die totaal van verskeie ander onderliggende stelsels wat elk deur ander faktore beïnvloed word. Die verwantskappe tussen die stelsels en die prominensie van elke onderliggende stelsel binne die groter stelsel verander ook deurentyd. Die gevolg is dat die toekoms van oomblik tot oomblik verander. In die woorde van Peter L. Bernstein (1996 :212) "We have reached the point where uncertainty has moved to center stage".

Huidige

Met 'n verlede wat verby is en nie net so in die toekoms geprojekteer kan word nie, en 'n toekoms wat moeilik voorspelbaar is, is die huidige die enigste tyd van belang. Die huidige is waar die verlede en die toekoms mekaar ontmoet. Die huidige is die enigste realiteit. Dit is die enigste tyd wanneer iets wat die toekoms kan beïnvloed gedoen kan word. Van die huidige moet die meeste gemaak word, maar met die oog op die toekoms. Deur in die huidige die regte samestelling te hê sal dit die kanse op oorlewing en groei in die toekoms verbeter. In die huidige word die eerste tree na die toekoms gegee. Hierdie tree moet in die regte rigting wees en die spoed waarteen beweeg word moet reg wees vir die omstandighede. Waar die toekoms anders is as dit waarvoor die stelsel homself voorberei het, moet soepelheid of aanpasbaarheid sorg dat risiko's vermy of bestuur kan word sodat 'n nuwe rigting met so min as moontlik ontwrigting ingeslaan kan word.

Hoe beter die huidige verstaan word en volgens die begrip van die huidige opgetree word, hoe sekerder sal die toekoms wees. "Jesus het ook vir die skare gesê: As julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: 'Dit gaan reën!' en dit gebeur ook. En as die suidewind waai, sê julle: 'Dit gaan warm word!' en dit word warm. Huigelaars! Julle weet hoe om die voorkoms van die aarde en die lug te beoordeel. Hoe is dit dan dat julle nie weet hoe om hierdie tyd te beoordeel nie?" (Luk 12:54-56).

"The past is full of treasures and the future is full of opportunities but the present is the only reality. It is in the present where you can utilize the knowledge and experiences gained in the past to develop the right form for the future."

Rekeningkunde se rol in besluitneming

Die rol van rekeningkunde as besluitnemingshulpmiddel is nie die mate waartoe dit vooruitskattings kan maak nie, maar die mate waartoe dit tot 'n beter begrip van die huidige kan bydra.

Menige chaotiese stelsels tree chaoties op as 'n gevolg van 'n gebrek aan 'n siel en verstand. Sonder 'n effektiewe verstand (mind) stuur elke stelsel af op chaos. Die verstand moet posisie en rigting kan bepaal, moet inligting kan interpreteer en besluite kan neem. Dink byvoorbeeld aan die ekonomie en politiek van 'n Derde-Wêreld land. Daar is geen betroubare bron van inligting wat posisie en rigting kan aandui nie. 'n Totale gebrek aan 'n basis vir besluitneming deur die leierskorps is aanwesig. Die land is uitgelewer aan eksterne faktore en volgens die wet van entropie sal die chaos eerder toeneem as afneem. Slegs deur 'n "mind" kan chaos beheer word.

In die finansiële wêreld is die rekeningkunde dié dissipline wat 'n betroubare bron van inligting as basis vir besluitneming verskaf.

Daar is na die logistiese vergelyking gekyk wat 'n teoretiese voorstelling van chaos is. Dié stelsel wat bevolkingsgroei voorstel is 'n verstandlose stelsel. Inligting word nie interpreteer nie en geen besluite word geneem nie. Die stelsel gaan voort sonder dat enige intelligensie enigsens 'n rol speel. Indien ons dieselfde inligting gebruik en intelligensie toevoeg deur rekenkundige beginsels daarop toe te pas lyk die prentjie anders. Die grafiek toon 'n reguit lyn in plaas van chaos.

Die rekeninkundige beginsels wat toegepas is, is dat met elke stap is die posisie vasgestel ('n balansstaat is opgestel) kennis van die risiko's is geneem en daar is op die spoed en rigting van die volgende stap besluit, waarna dieselfde proses homself weer herhaal het.

Die rol wat die rekeningkunde in die verskaffing van inligting kan speel is:

1. Aanduiding van die huidige posisie. Deur 'n goeie begrip van die huidige posisie te hê kan die toekoms met vertroue ingegaan word. Al die middele waaroor die besigheid/stelsel beskik asook al die risiko's waaraan hy in die huidige blootgestel is moet ten volle weergegee word. Twee nuwe ontwikkelinge in AARP lewer 'n groot bydrae tot die beste weerspieëling van die huidige situasie. Dit is 'n wegbeweeg van 'n inkomstestaat benadering na 'n balansstaat benadering en 'n wegbeweeg van 'n historiese waardestelsel na 'n billike waarde stelsel.

2. Rekeningkundige inligting moet ook die vlak van buigsamheid/aanpasbaarheid aandui. Al waaroor ons beskik is die huidige en indien 'n onseker toekoms ingegaan word, kan oorlewing net verseker word indien vinnig by nuwe omstandighede aangepas kan word. 'n Besigheid behoort oor 'n terugvoer stelsel (feedback system) te beskik waar nuwe inligting gedurigdeur verwerk word en veranderings aangebring word. Om vasgevang te wees in 'n situasie waaruit jy nie kan wegbeweeg nie is 'n resep vir chaos. Entropie gaan bly toeneem. Sonder 'n begrip van die mate wat daar oor aanpasbaarheid beskik word, kan geen besluite geneem word nie.

3. Rigting aandui. Die spesifieke posisie sal bepaal in watter rigting en teen watter tempo beweeg moet word. Die rekeningkunde behoort die rigting en tempo van vooruitgang relatief teenoor die beweging van die groter ekonomie te kan meet en aandui.

Samevattend kan daar gesê word dat die rekeningkunde die mate waartoe daar 'n dinamiese balans binne 'n onderneming is, moet kan aandui. Hoe hoër die vlak van dinamiese balans, hoe groter die kans op oorlewing en groei in die toekoms. Daar behoort 'n perfekte balans tussen middele en aanspreeklikhede te wees. Daar moet 'n balans tussen die opbrengste en die risiko's wees. Die middele waaroor beskik word, moet in balans wees met die opbrengste. Die tempo en rigting van vooruitgang moet in balans met die totale kapitaal wees. Die vlak van aanpasbaarheid moet in balans met die risiko's wees. Balans moet gehandhaaf word, terwyl vooruitbeweeg word. Dit is 'n perfekte balans tussen al die kragte in die heelal wat groei en ontwikkeling tot gevolg gehad het. Die versteuring van balans is die oorsaak dat lewendige organismes daagliks uitsterf. Hoe nader 'n stelsel of besigheid aan dinamiese balans is, hoe beter die kans vir oorlewing en die rekeningkunde behoort die vlak van dinamiese balans aan te dui.

Van 'n lys van uitmuntende Amerikaanse maatskappye wat Peters en Waterman in 1982 in hulle boek "In Search of Excellence" identifiseer het, het twee derdes teen 1992 nie meer bestaan nie. Na aanleiding van 'n opname deur Royal Dutch in 1983 het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat die gemiddelde leeftyd van 'n onderneming ongeveer 40 jaar is, - ongeveer helfte van 'n mens se leeftyd. Hoekom kan baie van die wêreld se grootste ondernemings nie 'n volhoubare opbrengs op aandeelhouers se geld lewer nie? Dit is omdat dié ondernemings nie by 'n veranderde omgewing kon aanpas nie. Die inligting en tekens is verkeerd geïnterpreteer, of indien dit korrek geïnterpreteer is, was die onderneming nie instaat om te verander nie. 'n Gebrek

aan aanpasbaarheid wat die gevolg van 'n gebrek aan balans is, het tot die ondergang van baie ondernemings gelei.

Die ondergang van 'n onderneming is die resultaat van onderverhandeling (undertrading) of oorverhandeling (overtrading). Onderverhandeling is wanneer die volume besigheid nie genoeg is om die onderneming te dra en groei te verseker nie. Die opbrengs wat verdien word, is nie in balans met die omgewing nie. Verliese word gemaak en wanneer alle beskikbare bronne van finansiering uitgeput is, is bankrotskap die gevolg. Met onderverhandeling is die tekens van agteruitgang gewoonlik lank voor die onderneming se ondergang reeds duidelik sigbaar (negatiewe groei, onvoldoende opbrengste op kapitaal, verliese ens.).

Oorverhandeling is wanneer die onderneming te vinnig en te veel groei. Tekens van probleme is nie altyd duidelik sigbaar nie en dit maak oorverhandeling gewoonlik gevaarliker as onderverhandeling. Daar word geglo dat dit baie goed gaan. Groeikoerse en winste is ver bo die verwagte. Om die groei te finansier word finansiering geredelik beskikbaar gestel en groot kontrakte word gesluit. Daar is 'n persepsie dat niks hierdie reus kan stuit nie. (maar) Net soos met onderverhandeling is hierdie onderneming ook uit balans met sy omgewing. Kapitaal om die groei te finansier is later net nie meer beskikbaar nie. Met 'n geringe verandering in die eksterne omgewing word daar agtergekome dat daar nie by die nuwe omgewing aangepas kan word nie. Aanpasbaarheid het in 'n netwerk van kontrakte en finansieringsooreenkomste verlore gegaan. Ondergang kom dan gewoonlik skielik en onverwags. Dit is een van die redes waarom groot ryke soos die Romeinse ryk tot 'n einde gekom het. Die ekonomie kon net nie meer so 'n groot weermag dra nie. 'n Voorbeeld uit ons eie omgewing is Krion. 'n Instelling wat 10% rente per maand betaal is baie duidelik uit balans met die ekonomiese realiteite. Sy (haar) ondergang was onafwendbaar.

Deur die korrekte interpretasie van finansiële state kan beide "undertrading" en "overtrading" vroegtydig in 'n sakeonderneming identifiseer word en regstellende maatreëls kan ingestel word.

Word rekeningkundige inligting gebruik?

Word rekeningkundige inligting wel deur besluitnemers gebruik of word dit as bloot net geag verslagdoening van historiese gebeurtenisse te wees? Menige studies is al uitgevoer om te bepaal tot watter mate beleggers op die vrystelling van finansiële state reageer. Hierdie jaar het die wêreld egter 'n baie praktiese situasie wat direk met rekeningkundige inligting te doen het beleef.

In die eerste helfte van dié jaar het dit aan die lig gekom dat sommige Amerikaanse maatskappye waarvan Enron en World Com die bekendste is, vals finansiële state uitgereik het en dit op 'n bedrieglike wyse verbloem het. Onmiddellik het kapitaalmarkte regoor die wêreld begin daal. Onsekerheid en chaos het toegeneem omdat die rekeningkundige inligting wat die basis van besluitneming vorm onder verdenking was. Die Dow Jones nywerheids-indeks het oor 'n dertig week periode met 22% gedaal. In Suid Afrika het die algehele-indeks vir twee maande nog gestyg en toe ook vinnig begin daal. Die bedrog was as 'n onvergeeflike sonde beskou en het vinnig tot die ondergang van Arthur Anderson, een van die wêreld se oudste en grootste ouditeursfirmas gelei. Terwyl die onsekerheid voortgeduur het, het kapitaalmarkte bly daal tot 15 Augustus 2002. Op 15 Augustus het indekse begin styg nadat 1000 Amerikaanse maatskappye 'n verklaring uitgereik het dat op hulle finansiële state vertrou kan word. Die wêreld kon weer asemhaal, nie al die syfers is verkeerd nie en besluite wat toekomstige gevolge gaan hê kon weer geneem word. Daar word tot 'n groot mate op rekeningkundige inligting vertrou as 'n aanduiding van die wêreld ekonomie.

Stelsel benadering tot rekeningkunde

Aan die begin van die vorige eeu is die stelsel teorie ontwikkel. Volgens dié teorie word die werklikheid in terme van stelsels, wat 'n beter begrip van die werklikheid verskaf, voorgestel. Volgens 'n stelsel benadering wat op holisme gegrond is, word daar geglo dat die geheel meer is as die som van die onderskeie dele. Dit is in teenstelling van die analitiese benadering van Descartes. Waar die analitiese benadering tot kennis lei, lei 'n stelsel benadering tot begrip.

'n Besigheid is 'n sosiale stelsel en 'n oop stelsel, daar is 'n konstante vloei van energie en middele deur die stelsel (insette en uitsette), wat beteken dat daar lewe is. Ten einde inligting vir besluitneming te verskaf, moet die rekeningkunde ook op 'n stelsel benadering aangewend word. 'n Kenmerk van 'n suksesvolle stelsel is 'n ontwikkelde prosedure van terugvoer (feedback). Resultate moet weer teruggevoer word in die stelsel om voortdurend te verbeter en te vernuwe. Alle relevante interne en eksterne inligting moet deur die stelsel gemonitor en verwerk kan word met die oog op verbetering. Rekeningkunde verskaf eerstens die kanaal waardeur terugvoer kan plaasvind en deur korrekte interpretasie verskaf dit ook die intelligensie waarvolgens besluitneming vir optrede geskied. Rekeningkunde, indien dit korrek aangewend word, kan 'n belangrike deel van die brein van 'n onderneming wees

Die interpretasie van rekeningkundige inligting was in die verlede nog altyd deur 'n analise voorafgegaan. Om inligting vir besluitneming te bekom is daar geglo dat die finansiële data ontleed moet word ten einde verwantskappe tussen enkele syfers te identifiseer. Deur uitmekaar te haal is geglo kan voldoende kennis vir besluitneming verkry word. In dié proses het daar ongelukkig baie inligting en kennis verlore

gegaan. 'n Stelsel is nie slegs die som van sy onderskeie dele nie, maar baie meer wat deur die wisselwerking van al sy dele bewerkstellig word. Soos wat 'n mens baie meer is as die som van 'n aantal organe, so is 'n besigheid baie meer as individuele bates, laste, inkomste uitgawes, personeel en ander middele. Die besigheid as 'n geheel, die onderskeie komponente en hulle struktuur, die verwantskappe tussen die komponente en die interaksie en hoe daar deurentyd verandering is om die regte balans te handhaaf is wesenlik meer as die individuele komponente.

'n Interpretasie moet nie op 'n analise van die individuele komponente gebaseer word nie, maar op die dinamiese werking van die geheel. Modelle om rekeningkundige inligting te interpreteer sonder 'n analise is reeds ontwikkel. 'n Interpretasie moet die mate van balans wat die onderneming in sy omgewing handhaaf kan aandui. Dit moet die mate van selfvernuwing kan aandui. 'n Interpretasie moet nie 'n beoordeling van die verlede wees nie maar moet toekomstgerig wees. Hoe groter die mate van selfvernuwing (vermoë om gedurig by 'n veranderde omgewing en veranderde omstandighede aan te pas en te verbeter) hoe beter die kans op oorlewing en groei in die toekoms. 'n Stelsel wat selfvernuwend is, kan orde in 'n chaotiese omgewing skep. Nuwe strukture en maniere van optrede word geskep waardeur balans in 'n veranderde omgewing bewerkstellig word. 'n Besigheid is 'n lewendige sosiale stelsel en kan deur selfvernuwing 'n groter bydrae tot die gemeenskap lewer. Deur na die optrede van die geheel te kyk kan 'n waardering vir dit wat nodig is om 'n komplekse stelsel te bestuur verkry word. Hierin speel die rekeningkunde 'n sleutelposisie.

Slot

Ek het vroeër die hoop uitgespreek dat u almal, voordat u vanaand hier uitstap, in hart en siel rekeningkundiges sal wees. Hopelik is ons nou baie naby. Kom ons sluit af met 'n storie. 'n Storie wat u almal sedert kleuterskooldae goed ken.

Die springkaan het die hele somer in die son gesit en vir die arme mier gelag wat heeldag hard gewerk het en kos na sy nes onder die grond aangedra het. Toe die winter kom en daar nie meer genoeg kos in die veld beskikbaar is nie is dit die mier wat laaste gelag het en vir die springkaan gesê het, "ek het jou mos gewaarsku".

Ons kan lesse by beide die mier en die springkaan leer: Wat het die mier gedoen wat reg was? Hy het elke dag sy beste gelewer en het aan die toekoms gedink. Wat hy egter verkeerd gedoen het is dat hy te veel selfvertroue gehad het en daardeur sy aanpasbaarheid verloor het. Hy het voorsiening gemaak vir die risiko's waarvan hy bewus was maar nie voorsiening vir die onbekende gemaak nie. Toe die stootskrapers kom om 'n nuwe pad te bou het dit die einde van die mier en sy kosvoorraad beteken. Sy hele lewe (hele bestaan) was vasgevang in die nes. Hy het nie die vermoë gehad om betyds te vlug nie. Toe die stootskrapers kom, het die springkaan tweemaal gespring en hy was veilig uit die pad.

Moenie 'n mier wees nie. Moenie uself in 'n netwerk van reëls en wette en paradigmas vasgiet dat u nie daaruit kan ontsnap indien die risikos te hoog raak nie. Moet ook nie 'n springkaan wees wat elke dag doelloos sonder 'n toekomstgerigheid rondspring nie. Vind eerder 'n balans êrens tussen die mier en die springkaan. Lewe voluit in die huidige en beplan vir die toekoms soos die mier, maar behou die aanpasbaarheid van die springkaan.

Hoe word die beste balans tussen die mier en die springkaan verkry? Met u nuutgevonde liefde vir die rekeningkunde behoort dit nie 'n probleem te wees nie.

Bepaal elke dag die huidige posisie te midde van die chaotiese omgewing
Neem kennis van die bates waaroor u beskik en die risikos waaraan u blootgestel is.

Maak voorsiening vir die onbekende - die onsekerhede van bestaan.

Stel 'n balansstaat op wat u huidige posisie die beste beskryf.

Verander indien nodig om perfekte balans te verkry.

Met dié inligting sal u weet wat is die wins wat u kan verdien.

Beweeg dan een tree vorentoe in die regte rigting teen die regte tempo na 'n nuwe huidige.

Stel dan weer 'n balansstaat op van u nuwe posisie.

As die toekoms nie is soos wat u beplan het dit moet wees nie, is dit nie alles die rekeningkunde se skuld nie. Onthou die woorde van Calay: Rekeningkunde is maar net een van die twee perfekte wetenskappe. Met u eie perfekte wetenskap, het u self ook 'n groot rol om te speel.

BEDANKINGS

1. My dank aan ons hemelse Vader vir gawes en talente en geleenthede sonder wie niks moontlik is nie.
2. Dank aan die PU vir CHO vir ondersteuning en die positiewe ingesteldheid ten opsigte van navorsing.
3. Dankie aan my ouers vir hulle ondersteuning en aanmoediging.
4. Aan my gesin. Susan en die kinders, vir hulle liefde hulp en ondersteuning en opofferings wat hulle gemaak het.
5. Ek was baie bevoorreg gewees om al reeds vir baie jare die beste van die beste as mentor te hê. Prof Daan Gouws. By hom het ek veral geleer om weg te kyk van die tradisionele denke en ander moontlikhede te ondersoek. Dankie
6. Baie dankie aan elkeen wat gehelp het met die reëlings vir vanaand. Vir Jan Pretorius vir sy power point hulp; Amanda, Marinda en Lizette vir hulle hulp en harde werk. Neels en Tinie, dankie vir julle groot aandeel.
7. Aan elkeen van u wat vanaand hier is. Sommige van u moes opofferings maak, ander reëlings tref, party van u het van Pretoria, Johannesburg en Potchefstroom gereis om hier te kan wees. U is die mense wat ek graag vanaand hier wou gehad het. U teenwoordigheid word baie waardeer.